

2 Desember

**Skrifgedeelte: Genesis 2:4b-17**

**Fokusgedeelte: Genesis 2:16, 17**

### **Eet van al die vrugte, behalwe van een boom**

Gister het jy God geloof dat Hy die hele skepping, maar ook vir j<sup>ó</sup> fantasties gemaak het. Vandag neem die Here jou verder: al is jy fantasties geskape, kan jy nie maar net doen wat jy wil nie. God het Self 'n pragtige tuin ontwerp, die tuin van Eden. Die wonderlikste rivier het daar ontspring om die tuin nat te maak. Hierdie rivier het sy water met vier ander riviere versprei. Hierdie tuin met die lekkerste water het God vir die mens gegee om in te woon!

Saam met die voorregte kom egter verantwoordelikhede. Genesis 2:16-17 leer ons juis dit: *“Die Here God het die mens beveel: “Van al die bome in die tuin mag jy eet soos jy wil, maar van die boom van alle kennis mag jy nie eet nie. Die dag as jy daarvan eet, sterf jy.”* Hierdie “beveel” is nie 'n streng aankyk met 'n kwaai stem nie, maar wel 'n baie ernstige en gesagvolle opdrag aan die mens. Hierdie opdrag het seën, beperkinge en straf. Die Here sê duidelik: Jy kan heerlik eet van al hierdie bome se vrugte, behalwe van een spesifieke boom, die boom in die middel van die tuin, die boom van kennis van goed en kwaad. Letterlik staan hier dat jy “dood dood” sal gaan! Beslis sal Ek jou straf as jy nie dankbaar is vir wat ek vir jou gee nie. Moenie heelyd gulsig wees en buite my opdrag en wil gaan nie.

Jy leer dus as mens, hier op 2 Desember 2013, dat jy fantasties gemaak is, die jaar is amper klaar, maar wees dankbaar en afhanklik. Doen jou bes in die tyd wat oor is, kom jou verantwoordelikhede na en bly van die Here afhanklik. Wees soos 'n rivier wat uitsprei en gee sin aan ander mense se lewe.

*Sing: Psalm 91:1*

*Ds. J van Schaik (Randburg)*